

14 April 2019

# Hoërskool Kategese

## Psalm 118:1-2 en 19-29



### wat wil jy vandag bereik?

Vandag is Palmsondag. Ons herdenk die intog van Jesus in Jerusalem in - die week voordat Hy gekruisig is. Mense het op daardie dag palmtakke gewaai om Jesus in Jerusalem te verwelkom.

Boom- of palmtakke is gewaai wanneer feeste gevier is.

Ons lees ook van hierdie gebruik in vers 27.

Die Psalm is oorspronklik gesing by feeste - die lied het mense uitgenooi om God te prys en te eer vir Sy liefde en getrouheid.

Gebruik gerus vandag se byeenkoms om te dink oor Paasaweek (volgende naweek) en die betekenis daarvan vir elkeen in die groep.

**Ter wille van gemeentes  
wat gewoon is aan die ritme  
van Kontak-kategese,  
plaas ons in hakies  
hoe dit in daardie raamwerk inpas.**

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

### ons storie: ysbreker (hier en nou)

Julle kan die groep begin deur elkeen te dink aan iets waarvoor jy dankbaar is. Dink aan iets waarvoor jy vir God wil dankie sê.

Julle kan fees vier soos die Israeliete deur elkeen kans te gee om daardie een ding te noem - dan kan die res van die groep hardop sê:

***Aan sy liefde is daar geen einde nie.***

### word stil

Lees ook Lukas 19:28-38 as julle groep se tyd dit toelaat.

Dit vertel kortliks oor die intog van Jesus in Jerusalem in.

### GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

#### Psalm 118:1,2 en 19-29

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



## gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het? Is daar enige vrae wat jy nou het?

Vers 1,2 en ook 19-21 herinner ons daaraan dat gelowiges nog altyd moeite gedoen het om vir God dankie te sê vir wat Hy vir hulle (ons) gedoen het.

In die Ou Testament tye was daar baie gereelde feeste wanneer mense spesiaal tyd gemaak het om vir God dankie te sê.

Watter feeste vier ons vandag nog wat ons daarmee help?

Watter feeste vier julle gemeente of gesin wat vir jou baie beteken?

Vers 22 verwys na 'n klip wat deur bouers afgekeur word.

Jesus maak hierdie woorde op Hom van toepassing in die Nuwe Testament. (Matt 21:42; Mark 12:10; Luk 20:17)

Die feit dat mense Jesus verwerp het en ten spyte daarvan het Hy die belangrikste klip in die gebou geword.

Jesus word tog die hoeksteen van ons geloof.

Watter plek sou jy sê neem Jesus in jou geloof? Hoe belangrik is Hy? Hoekom is Hy vir jou belangrik?

## ons nuwe storie

### Hoe ons nuut, dink, doen en leef

In hierdie week sien ons almal uit na 'n lekker lang-naweek wat voorlê.

Hoe kan ons die belangrike fees wat voorlê? Paasfees is seker die belangrikste fees vir gelowiges. Vertel hoe julle dit vier? Dink aan maniere waarop julle dit spesiaal kan maak en vier.

## na die erediens

### As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

### Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

#### Onthou julle nog die ABC van gebed?

##### Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

##### Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

##### Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

##### Danksegging

"Dankie, vir..."

##### Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."

Is daar enige iemand wat 'n saak het waarvoor hulle voel die groep kan bid?

Dalk is daar iets waarvoor jy baie opgewonde is en vir God wil dankie sê.

Gee kans vir gebede.

